

Die Regte Naam?

Die **Sacred Name Movement** verkondig dat net die oorspronklike naam van God in Hebreeus gebruik mag word en dat enige ander naam lasterlik is. Die aanhangers van hierdie beweging kan egter nie eers onder hulleself besluit watter naam die regte heilige een is nie. As daar net een heilige, nie-lasterlike naam vir God en Jesus bestaan, beter hulle seker maak dat hulle die regte een kry.

Terwyl Yahweh en Yahshua algemeen gebruik word, propageer ander weer name soos Yahvahshua, Yahvah en en Yahwah (<https://www.encyclopedia.com/sacred-name-groups>). Alhoewel sommige daarop aandring dat net die Hebreeuse name vir Jesus, soos Yeshua of Yahoshua, gebruik moet word, kom hierdie name nie in die Griekse Nuwe Testament voor nie. In die Pentateug, wat 'n vroeë Griekse vertaling van die Hebreeuse Ou Testament is, word die Griekse ekwiwalent *Kyrios* gereeld gebruik wat 'n indikasie is dat *Kyrios* onder Grieks-sprekende Jode gebruik is.

(<https://larryhurtado.wordpress.com/2014/08/22/yhwh-in-the-septuagint/>)

In die Nuwe Testament in Grieks word die woorde **Theos** – God, (**Matt.3:9, Hand.7:42, Mark 10:6**), **Kyrios** – Here, **Iesous** – Jesus, **Christos** – Christus (**1 Kor. 8:6**) en **hagios pneuma** – Heilige Gees (**1 Kor. 12:3**), gebruik. In plaas van die Hebreeuse benamings, word hierdie woorde in 'n paar honderd plekke in die Griekse Nuwe Testament gebruik. Paulus en die ander apostels sou sekerlik **YHWH**, Yahvahshua, Yeshua of Yahoshua, of van die ander Hebreeuse name gebruik het as dit waar was dat dit die enigste “heilige” name is wat gebruik kon word. Hulle het nie, en tog het hulle 'n diepe eerbied vir God die Vader, Sy Seun, Jesus Christus en die Heilige Gees gehad.

Handelinge 9:5: (Grieks):

*ειπεν δε τις ει κυριε ο δε κυριος ειπεν εγω ειμι **Ιησους** ον συ διωκεις
“Wie is U, Here? En die Here antwoord: Ek is Jesus (**Ιησους (Iesous) –Jesus**) wat jy
vervolg.”*

Daar bestaan vandag nog meer as vyf duisend oorspronklike afskrifte van Nuwe Testamentiese manuskripte in Grieks. In Hebreeus kan daar slegs vertalings van die Griekse afskrifte gevind word. In die John Ryland biblioteek in Manchester, Engeland, is daar 'n gedeelte van die agtiende hoofstuk van die Evangelie volgens Johannes en alhoewel dit nie in Johannes se eie handskrif geskryf is nie, is dit 'n afskrif van die oorspronklike. Dit is interessant dat die Naam van Jesus in Grieks daarin voorkom. Dit is verder ook insiggewend dat selfs die brief aan die Hebreërs oorspronklik in Grieks geskryf is. Empiriese getuienis bewys, sonder twyfel, dat ons Nuwe Testament oorspronklik in Grieks geskryf is.

Omdat die Griekse Nuwe Testament nie inpas by wat in die *Sacred Name Movement* geleer word nie, word dit verdag gemaak. Party wat weet dat Paulus hoofsaaklik in Grieks geskryf het, gaan so ver as om die inspirasie van sy geskrifte te bevraagteken.

Die sterk beklemtoning van die gebruik van die Hebreeuse Name van God, gaan dikwels gepaard met die ideë dat die Ou Testamentiese Wet betreffende die Sabbat, die Kasher dieet-wette en die Joodse feeste ook onderhou moet word. Sommige glo dat omdat die Christelike geloof deur heidense invloed besoedel is dat ware aanbidding slegs in gehoorsaamheid aan die Torah te vinde is.

Sommige wat so klem lê op die Hebreuse name, gaan so ver as om te beweer dat omdat die Nuwe Testament vergrieks is, dit onbevoeg is om gebruik te word as die basis van 'n verlossingsleer – dit moet glo eers deur die Hebreuse taal en denkwysse gesif word. Omdat daar nie tussen die Griekse taal en die Griekse kultuur onderskeid gemaak word nie, verstaan hulle nie dat die Grieks van Christus se tyd oor kultuurgrense heen gebruik is nie. Dit was 'n medium van kommunikasie wat algemeen in die handel, politiek en sosiale lewe van baie volke van daardie tyd gebruik is. Ons kan daarom verstaan waarom dit as kommunikasiemiddel gebruik is om God se verlossingsboodskap aan die wêreld bekend te maak.

Diegene wat weier om die egtheid van die Griekse Nuwe Testament te aanvaar, bevraagteken die enigste oorspronklike bron waarin die leringe van Jesus gevind kan word. Hierin lê dan ook die eintlike onoorbrugbare verskil tussen Nuwe Testamentiese gelowiges en die *Terug-na-die-Hebreuse-Wortels-beweging*. Wat hulle redenasie ook al mag wees, uit die aard van hulle fokus op die Ou Testament en die gebruik van net Hebreuse name en gebruike, moet hulle die gesag van die oorspronklike Griekse Nuwe Testament verkleiner. Dit is verbysterend dat iemand wat homself 'n Christen noem, by watter naam ook al, die gesag en die oorspronklike taal van die boek waardeur hy aanvanklik van Jesus en sy boodskap gehoor het, nou in twyfel trek! As die wêreld nie afskrifte van die oorspronklike manuskripte van die Nuwe Testament in Grieks gehad het nie, sou ons niks geweet het van wat Jesus verkondig het nie.

Dit is onredelik om te dink dat die God wat self die tale van die wêreld verwar het (**Gen.11**), nou ver wag dat die verskillende nasies eers die Hebreuse kultuur en taal moet aanleer om sy volle verlossingsplan te kan verstaan! Nêrens staan dit ook so in die Skrif nie! Die feit dat die Bybel in so baie tale vertaal is, sluit aan by Jesus se opdrag om Sy boodskap aan alle nasies te gaan verkondig (**Matt. 28:18-19**). Met die opdrag van Jesus aan Sy dissipels om bekeerlinge te gaan maak van alle nasies, het die Christelike geloof opgehou om Joods te wees, maar dit beteken nie dat dit toe Grieks geword het nie. Die Evangelie van Jesus Christus het 'n identiteit van sy eie wat Christelik is!

As *lesous* as *Jesus* in Afrikaans en Engels getranskribeer kan word, hoekom sou dit verkeerd wees om dit in Russies, Spaans of Duits uit te spreek? Ons saligheid hang nie af van om die Name van God reg uit te spreek nie, maar dit hang af van die feit of 'n persoon 'n geloofsverhouding met die Persoon Jesus Christus het. Hy is gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde (**Heb. 13:8**) en Sy goddelike eienskappe verander nie omdat Sy naam verkeerd uitgespreek word nie.

Nick Maartens

Jeffreysbaai

0827826074

E-pos: nickmaartens@hotmail.com